

Shylock in Afrika

Hans Pienaar is 'n produksie-redakteur by Independent Newspapers en berig gereeld oor sy buitelandse besoeke, onder meer op die Afrika-kontinent.
E-pos: hanspienaar@mweb.co.za

In 1987 het Caryl Phillips geskryf oor Othello en *The Merchant of Venice* in sy bundel reisbeskrywings *The European Tribe*. Waar kritici van Shakespeare dikwels verwys na die oënskynlike swak sielkundige motivering van die moord op Desdemona deur 'n geslepe krygsheer wat darem te maklik deur Iago mislei word, sien Phillips hom as 'n swart man wat sy hart verloor in 'n ras-onaanvaarbare verhouding, wat hom ook die geestesewewig laat verloor wat hy nodig het om as vreemdeling in Italië te oorleef.

Oor die berugte Shylock haal Phillips vir Karen Blixen aan, wat in *Out of Africa* onthuts skryf hoe 'n dienskneg wat sy probeer inwy in Shakespeare, hom vereenselwig met Shylock, wat volgens hom alle reg gehad het om sy pond vleis te eis, omdat hy so swak behandel is as Jood in Venisië.

Phillips plaas die stuk in die konteks van die eerste ghetto in Europa, in dieselfde Venisië, wat in 1516 geskep en gewettig is. "It was windowless from the outside to cut it off from the rest of the city. Jews were forced to wear a special hat, they were not allowed in and out of the ghetto after dark, and its iron gates were guarded by Christians."

Vir Phillips spel Shylock die verband amper 400 jaar voor Blixen se kneg uit, wanneer hy sê: "You have among you many a purchased slave/ Which, like your asses and your dogs and mules/ You use in abject and in slavish parts."

Vir Suid-Afrikaners is dit nie moeilik om in die ghetto apartheid se lokasies te sien nie, waarvan sommige inderdaad vir vele dekades in die vorige eeu omring is met heinings, met bewaakte hekke en natuurlik passe wat beweging gereguleer het. Maar die Shylock-analogie bied heeltemal ander insigte in 'n post-apartheid konteks.

Shylock is 'n vroeë eiser in wat later die "kultuur van beregtiging" (*entitlement*) genoem sou word. En in die sentrale ondersoek in die stuk – hoe die letter van die wet nie noodwendig 'n bron van goed is

nie – is daar veel te oes in 'n beskouing van huidige restituisie-debatte in Afrika.

In Zimbabwe, na die eerste dekade of so van 'n nie-rassige euforie met sy leef-en-laat-leef uitreik na weerskante, het die begin skeefloop namate die kommersiële grootplaas-basis van die ekonomie hom weer laat begin geld het. Waar boere anderpad gekyk het as 'n mielie verdwyn het, of iemand skelm vis in die dam vang, het hulle gaandeweg begin om die horde wette en regulasies toe te pas om hul winsmarges – altyd onder druk van nommerpas geglobaliseerde bankkrediete – progressief te laat opstoot.

Aangevul deur oorbevolking in die “kommunale areas” – die Zimbabwiese eufemisme vir die kwasi-ghettos van die koloniale reservate – het dit 'n stille grondnood help aanspoor, wat uiteindelik tot die eerste grondbesettings gelei het – deur oorlogsveterane van ministers se plase. Die oorlogsveterane kon voorheen heelwat geld ontfutsel uit die staat deur allerlei sieketoestande te veins – maar moes toesien hoe hulle hul makkers wat in die weermag agter gebly het, nog beter daarvan afkom toe president Robert Mugabe hulle die Kongo met sy skatte instuur.

Mugabe het hulle probeer gelukkig hou deur elke veteraan 'n yslike toelae van Z\$50 000 te gee. Terselfdertyd het 'n nuwe post Koue-Oorlog benadering tot hulpverlening onder die G8-lande – *trade rather than aid* – gelei tot 'n redelik skielike kampanje teen korrupsie in die Derde Wêreld, en 'n afname aan die uitbetaling van beloofde hulp.

Gou was Zimbabwe in 'n ekonomiese verknorsing. Wat al hierdie ontwikkelinge gemeen gehad het, was 'n skerper fokus op die letter van die wet. Wit boere was die invallers en restituisie-eisers telkens een voor, omdat hulle baie meer bedrewe was daarmee. Dat die grondbesetters besef het dat die eintlike slagveld in hul “derde ekonomiese chimurenga” die wet was, is amper pateties vergestalt in hul *pegging*-rituele.

Grondhervorming, wat in vae terme beskryf is in 1980 se Lancaster House-onderhandelinge, was ondergeskik aan die wettiese beginsel dat plase aan die hoogste bieder verkoop sou word aler die staat dit aan swart boere oorhandig. Hoewel genoeg swart boere plase gekry het op staatsbesitte grond en plase van wit emigrante, is min grond direk oorgedra, wat Mugabe die kans gegee het om 'n grondkrisis te fabriseer: Die teken van die besettings is van swart ministerplase na wit “koloniale” plase verander. Aanvanklik was die grondbesettings onder beheer en bloedloos, en met groot finesse toegepas as 'n manier

om halsstarrige boere te intimideer tot inskiklikheid. Mugabe kon met groot stelligheid redeneer dat die dreigement van geweld nodig was om ware grondhervorming te stimuleer.

Maar toe word Mugabe 'n Shylock, wat die vae implikasies in die Lancaster House-verdrag, dat Zimbabwe swart besit sou word, omskep het in die "pond vleis" wat hy wou hê. Uiteindelik het wit boere, wat so 'n situasie voorsien het, geswig en reuse areas opgegaarde grond aan die regering aangebied, maar Mugabe wou soos Shylock die *empire* se wette teen homself gebruik.

Shylock kan sy pond kry alleen deur Antonio dood te maak, waarop die vermomde Portia – as 'n mens wil, kan jy die Movement for Democratic Change in haar sien! – daarop wys dat niks in die verband wat Shylock opeis hom die reg op enige bloed gee nie. Op die ou end word Shylock in allerlei ander wettiese maneuvres ter dood veroordeel, en sy rykdom opgedeel. Hy moet ook 'n Christen word.

Dieselfde voorland wag op Mugabe – alleen sy uittrede sal 'n oplossing verskaf en sy persoonlike rykdom is reeds erg deur sanksies en anti-korrupsie maatreëls verminder. Zimbabwe is op sy knieë en gaan jare nodig hê om te herstel. Pleks van 'n potensiële wêreldwye revolusionêre figuur, gaan Mugabe net nog 'n Westers-betaalde oud-diktator word. Die meeste wit Zimbabwiese boere is nog van die ou soort, lede van die geglobaliseerde magselite, maar Mugabe het toegelaat dat die "pond vleis"-metaforiek die plek inneem van nugtere, praktiese kompromieë wat 'n "Zimbabwe-model" in die soeke na globale geregtigheid kon gee het.

Elders in Afrika heers die lus vir die pond vleis nog. Groot skade is reeds in Suider-Afrika gedoen deur die gewese frontliniestate se blindelinge steun aan Mugabe. In Nigerië heers 'n *de facto* militêre regime steeds, en word die politieke debat gedomineer deur beregtigingseise, wat net dien om 'n gulsige elite te voed met omkoopgeld deur globale oliemaatskappye. Die "pond vleis"-ideologie is ook in die kern van Thabo Mbeki se Nepad-plan.

Pleks van nuwe, revolusionêre idees, het die meeste Afrikaleiers maar net 'n ou wysie op 'n nuwe deuntjie aan te bied. Pogings om vae idees soos restitusie, rassisme, anti-kolonialisme, vlees te gee is deursigtige instrumente tot self-verryking. Die ware analogie is nie met 'n Derde Wêreldse beweging na geregtigheid nie, maar met Israel, Shylock se nasate, wat amper daagliks nog meer ponde vleis van die Palestyne afvat.